

27 September

Skrifgedeelte: Johannes 18:1-12

Fokusgedeelte: NGB, Art 21

Jesus Christus as misdadiger behandel

Hande is wonderlike instrumente. Vanaf geboorte tot sterwe word 'n mens omring deur versorgende hande. Wat beteken die aanraking van 'n geliefde tog! Dink ook wat hande alles kan doen. Byna alles wat jy in jou huis sien is deur vaardige hande gemaak.

Hoeveel te meer moet ons in verwondering staan oor die hande van Jesus. Uit sy hande het brood gevloei soos water (Matt 14:19). Deur sy hande het genesing vir blinde oë, dowe ore en verlamdes gekom (Matt 15:30). In ons Skrifgedeelte het Jesus se hande so pas die wond wat die slaaf van die hoëpriester deur Petrus se swaard opgedoen het genees (Luk 22:51). Om sulke hande te boei is 'n misdaad op sy eie. Die verraaier het 'n hele bende met swaarde en stokke gebring om Jesus te vang (Matt 26:55) en hulle het Hom geboei en weggelei asof Hy 'n misdadiger was.

Dit is belangrik om te verstaan dat Jesus Hom LAAT boei. Sy hande is mos almagshande. Sterker as Simson, kan niks sy hande bind nie, behalwe as Hy Hom laat bind. Dit is wat in ons Skrifgedeelte gebeur. Jesus laat Hom vang en boei sodat die wat by Hom is vry kan weggaan (vers 8). Hy laat Hom soos 'n rower weggelei, soos 'n skuldige veroordeel en soos 'n vervloekte kruisig. Uiteindelik sterf Hy op 'n koppie buite die stad tussen bandiete. Dit gebeur alles sodat dié wat aan Hom behoort vry kan uitgaan.

Kyk weer na jou hande. Hoekom is hulle vry en nie geboei nie? Is dit nie om vandag SÝ werke te doen nie?

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~